higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

1 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
1.1.1 G
1.1.2 I
1.1.3 F
1.1.4 D
1.1.5 O
1.1.6 N
1.1.7 E
1.1.8 M
1.1.9 A
1.1.10 L

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Onwaar✓ – ’n Kerngesin bestaan uit ’n ma, pa en kinders.✓

OF

’n Poligame gesin het ’n man wat die gade en pa van twee of meer kerngesinne is.✓

1.2.2 Onwaar✓ – As ’n baba met glimlagte op die aangename sang van sy/haar ma se stem reageer, word dit as ontvanklike taalbegrip beskou.✓

OF

As ’n baba babageluide vir ’n bekende stem maak, word dit as ekspressiewe taalbegrip beskou.✓

1.2.3 Onwaar✓ – Wanneer ’n adolessent besluiteloos oor sy/haar rol is, word dit identiteitsdiffusie genoem.✓

OF

Wanneer ’n adolessent van lewensaktiwiteite onttrek, word dit moratorium genoem.✓

1.2.4 Waar
1.2.5 Waar
1.2.6 Waar
1.2.7 Waar

(10)

1.3	1.3.1	C
	1.3.2	D
	1.3.3	B
	1.3.4	A
	1.3.5	C
	1.3.6	C
	1.3.7	B
	1.3.8	D
	1.3.9	A
	1.3.10	C

(10 × 2) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Dit help kinders om geletterdheidsvaardighede op ’n aangename manier te ontwikkel.
- Dit versterk die band tussen die ouer en die kind wanneer hulle saam lees.
- Dit bevorder taal-, geletterdheids- en breinontwikkeling.
- Dit prikkel kinders se verbeelding.
- Dit bied ’n veilige manier vir kinders om sterk emosies te verken.

(Enige toepaslike 5 × 2) (10)

2.2
- Oogprobleme soos swak sig weens volgehoue stremming op die oë
- Liggaamlike defekte soos misvorming van die beendere weens ’n swak postuur voor die televisie
- Swak eet- en oefengewoontes wat lei tot metaboliese veranderinge wat tot ongesonde bloedsuikervlakke en vetsugtigheid lei

(Enige toepaslike 3 × 2) (6)

2.3
- Namate die kind ontwikkel, leer sosialisering vir hom/haar reëls en konvensies, bv. om nie ander seer te maak nie.
- Hierdie abstrakte reëls word in die geheue behou.
- Die superego beheer ’n mens se sin van reg of verkeerd.
- Die ontwikkeling daarvan stel ’n mens in staat om ’n skuldgevoel te hê.
- Dit ontwikkel in die eerste vyf lewensjare in reaksie op ouers se straf en goedkeuring.
- Dit is die etiese deel van die persoonlikheid. Die ontwikkeling daarvan stel ’n mens in staat om by die samelewing in te pas. Realistiese selfkritiek help ’n mens om lewensdoelwitte te bereik.

(Enige 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.4
- Waarneming
- Direkte instruksie
- Nabootsing
- Direkte versterking of voorbeeldstelling (4)

2.5 2.5.1 Waarnemingsleer vind plaas wanneer jy die gedrag van iemand anders dophou, onthou en herhaal.

2.5.2 'n Stereotipe word gevestig wanneer mense glo dat een aspek van iemand of iets op alle mense of dinge in daardie klassifikasie van toepassing is.

OF

'n Stereotipe is 'n oortuiging dat sekere kenmerke op die hele groep van toepassing is, bv. dat alle mans arrogant is.

(2 × 2) (4)

2.6
- In hulself gekeer en privaat, diepsinnig, redelik, kalm, geduldig, deernisvol, verdraagsaam, aanvaardend en liefderik
- Ryker innerlike lewe, verkies 'n stil, rustige atmosfeer en is tevrede met hulself, verkies stabiliteit in alle lewensaspekte
- Standvastige en konsekwente gewoontes
- Leer deur ander se belangstelling in 'n onderwerp te ervaar
- Goeie administrateurs
- Taakgeoriënteerd met uitstekende vermoë om werk te doen wat presisie en akkuraatheid verg
- Stadig, lui en vervelig
- Passief, versigtig, diepsinnig, rustig, beheers, betroubaar, bedaard

(Enige 4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

2.7
- Dit leer kinders kommunikasievaardighede.
- Dit leer kinders van gesonde interaksie met hul portuurgroep, ouer kinders en volwassenes wat nie hul ouers is nie.
- Hulle leer sosiale gedrag aan en ontwikkel sosiale vaardighede.
- Dit ontwikkel hul selfvertroue en stel hulle in staat om te empatiseer.
- Dit help hulle om te besef watter gedrag aanvaar en onaanvaarbaar is.
- Dit stel hulle aan ’n liefdevolle, deernisvolle en veilige omgewing bloot wat hulle in staat stel om ontvanklik te wees vir leer en met hul portuurgroep om te gaan.
- Dit verminder angstigheid teenoor vreemdelinge.
- Dit gee hulle ’n breër perspektief van verskillende sosiale situasies.
- Dit help kinders wat minder geleenthede gehad het om die sosiale en akademiese agterstand teenoor eweknieë uit meer gegoede en akademiese gesinne in te haal.
- Dit help met suksesvolle sosiale interaksie in die tiener- en volwasse jare.
- Dit leer skaam, teruggetrokke kinders om interaksie met verskillende mense te hê.
- Dit leer hulle om respek vir die gesag van mense buiten hul ouers te hê.
- Dit stel hulle bloot aan kinders van verskillende kulture en sosio-ekonomiese agtergronde en leer hulle van diversiteit.
- Personeellede is gekwalifiseerd op die gebied van vroeë kinderontwikkeling en pedagogie. Hulle skep ’n omgewing wat kinders aanmoedig om saam te werk en te speel en om probleme saam op te los deur gebruik van gespesialiseerde kurrikula en hulpbronne.
- Dit ondersteun noue verhoudings tussen volwassenes en kinders asook portuurverhoudings.
- Dit bevorder helekind-ontwikkeling.
- Hulle ontwikkel prososiale gedrag.
- Dit stel kinders aan ander kinders, versorgers, programme en ouderdomsgroepe bloot.
- Die klaskamers en programme word vir elke kind se spesifieke behoeftes aangepas, want kinders ontwikkel teen verskillende tempo’s.
- Dit voldoen aan die behoefte aan kindersorg in ’n tyd wanneer uitgebreide gesinne nie meer soveel deel is van die lewens van mense in kerngesinne nie.

(Enige 5 × 2) (10)
[50]

VRAAG 3

3.1

OUTORITÊRE OUER	DEMOKRATIESE OUER
• Veeleisend • Minder responsief • Beheer kinders • Temperament: kwaai, rebels, buierig en ongelukkig • Gebiedend • Eis blindelingse gehoorsaamheid van kinders • Besluit eensydig wat is reg en verkeerd • Behou gesag en beheer • Aanmatigend, veeleisend en verantwoordelik • Hoë verwagtinge van kinders • Verwag van kinders om uitermatig volwasse te wees en dinge op 'n vlak te verstaan wat kinders nie kan begryp nie • Stel duidelike standaarde vir kinders se gedrag • Verwag van kinders om te alle tye onderdanig te wees, die ouer nie te bevraagteken nie en gehoorsaam te wees	• Veeleisend • Responsief • Stel hoë standaarde, maar gee kinders keuses • Ondersteunend • Lei 'n kind se ontwikkeling op 'n standvastige en aanvaardende manier • Wedersydse respek • Regverdig en laat respek tussen ouer en kind ontwikkel • Behandel kinders met respek en diplomasie • Gee kinders keuses en hou hulle verantwoordelik vir daardie keuses • Probeer 'n situasie verstaan voordat die kind gestraf word • Help die kind om meer selfstandig en verantwoordelik te word • Aanvaar die kind se talente en tekortkominge

(Enige 4 + enige 4) (8)

3.2 3.2.1

- Meisies ontwikkel in die algemeen vroeër taalvaardighede as seuns. Hulle praat vroeër, spreek woorde beter uit en ontwikkel 'n meer omvattende woordeskat as seuns van dieselfde ouderdom.
- Meisies ontwikkel fisiologies vinniger as seuns.
- Meisies gebruik verskillende dele van die brein om taal te verwerk. Hul breins ontwikkel vroeër en is groter as dié van seuns.
- Seuns kan dieselfde vlak van taalvaardigheid as meisies bereik teen die tyd wat hulle kleuterskool toe gaan. Ma's gesels meer met hul dogters as met hul seuns in die voorskoolse jare. Meisies ontvang dus in hierdie opsig in die algemeen meer stimulasie as seuns. (Enige EEN)

Kopiereg voorbehou

3.2.2
- Babas met meer positiewe gemoedstemmings: Hulle ontwikkel vinniger woordeskat, pas makliker aan en het ’n langer aandagspan as babas met ander temperamente.
- Ekstroverte babas: Taalverwerwing word bevorder deur konkrete ervarings met die buitewêreld en interaksie met ander. Hulle neem doelbewus gespreksrisiko’s. Entoesiastiese kinders is verbaal vlotter.
- Goed aangepaste kinders: Spraak vind vroeër en in groter volumes plaas. Hulle het goeie geestesgesondheid en maak baie minder taal- en uitspraakfoute.
- Introverte babas: Taalverwerwing vind doeltreffend in individuele, onafhanklike situasies plaas. Hulle moet idees onderbewustelik verwerk voordat hulle praat.
- Skaam, teruggetrokke kinders: Hierdie kinders praat minder as ekstroverte kinders. (Enige EEN)

3.2.3
- Kinders leer die beste wanneer hulle liggaamlik, verstandelik en emosioneel gereed is.
- Sielkundige gereedheid hou met verstandelike spraakgereedheid verband. Dit maak voorsiening vir ‘babataal’ (gebabbel en babageluide) en die na-aap van woorde.
- Kinders benodig redenering en geheue om betekenis aan woorde te heg.
- Jong kinders moet vorige ervarings van spesifieke woorde kan onthou en dit in verband kan bring. Wanneer hulle dit kan doen, begin hulle taal verwerf en gebruik.
- Taalopneming vertraag ná sesjarige ouderdom. Teen hierdie ouderdom moet kinders begin om taal doelbewus aan te leer. (Enige EEN)

3.2.4
- Kinders met ’n hoë taalintelligensie is gewoonlik lief daarvoor om te praat, te lees en te skryf.
- Hoë taalintelligensie hou verband met probleemoplossing en abstrakte leesvermoë. (Enige EEN)

3.2.5
- Die aanmoediging van kinders om van ’n jong ouderdom af te praat, is ’n belangrike faktor van taalverwerwing.
- Taalontwikkeling gaan oor die gehalte van en hoeveelheid woorde wat ons praat. Motivering van ’n kind om te praat, is net so belangrik soos om hom/haar taalleergeleenthede te bied.
- Kinders wat nie gemotiveer is om te praat nie, kan begin om alternatiewe maniere te gebruik om te kommunikeer, wat hul motivering om te praat verder kan verswak.
- Wanneer kinders met hul portuurgroep begin sosialiseer, begin ‘babataal’ wegval.
- Ouers en versorgers moet geleenthede skep vir en aktief betrokke wees by motivering van hul kinders om te praat. (Enige EEN)

(5 × 2) (10)

3.3
- Gehakkel/Gestotter
- Tweetaligheid
- Elektiewe mutisme
- Lispel
- Outisme
- Afasie
- Onvoldoende taalvaardighede
- Uitspraakprobleme
- Onvoldoende woordeskat (Enige 5 × 1) (5)

3.4 3.4.1 Saamgestelde tweetaligheid vind plaas wanneer 'n individu twee tale in dieselfde omgewing en konteks aanleer.

3.4.2 Gelyke tweetaligheid vind plaas wanneer 'n individu twee verskillende tale in verskillende kontekste aanleer.
(2 × 2) (4)

3.5 3.5.1 Uitspraakprobleme (1)

3.5.2
- Volgehoue uitspraakfoute
- Weglating van woorde in spraak
- Vervanging van een konsonant met 'n ander in sommige woorde
- Omruil van woorde
- Gebruik van afkortings
- Onvermoë om moeilike vokale uit te spreek (Enige 4 × 2) (8)

3.5.3
- Gesplete verhemelte
- Tandekry
- Organiese tekortkominge
- Gehoorprobleem
- Swak spierkoördinasie van die tong
- Serebrale verlamming
- Verwaarlosing, bv. weens 'n swak rolmodel
- Lae intelligensie (Enige 5 × 1) (5)

3.5.4
- Moedig nabootsing van 'n goeie rolmodel aan.
- Moedig die kind aan om die korrekte spraak in die teenwoordigheid van volwassenes te gebruik.
- Kritiseer foutiewe spraak op 'n opbouende manier om nie die kind se selfvertroue te ondermyn of hom/haar aanstoot te gee nie.
- Stel 'n goeie voorbeeld van spraak wat die kind kan naboots.
- Moedig die kind aan om in taal belang te stel deur die betekenis van nuwe woorde te verduidelik in terme wat hy/sy verstaan.
- Beantwoord sy/haar vrae oor nuwe woorde.
- Moenie die kind ontmoedig om vrae te vra nie.
- Moedig die kind aan om aan gesprekke deel te neem.
- Moedig die kind aan om ander 'n spraakgeleentheid te gee.
- Moedig die kind aan om te praat wanneer hy/sy saam met sy/haar portuurgroep is. (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

3.6 Holofrastiese spraak verwys na ’n kind se vermoë om eenwoord-sinne van die ouderdom van 14 maande af te gebruik.

OF

Holofrastiese taal verwys na ’n kind se vermoë om ’n hele frase of gedagte in ’n enkele woord uit te druk.

Telegrafiese spraak verwys na die kind se vermoë om tweewoord-sinne teen die ouderdom van 18 tot 24 maande te gebruik.

OF

Telegrafiese spraak verwys na die kind se vermoë om baie bondig te wees, onnodige woorde in spraak uit te laat en kort tweewoord-frases te gebruik.

(2 + 2) (4)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Ouers se lae opvoedkundige prestasie
- Afwesigheid van die pa
- Groot gesin of oorvol huisomgewing
- Liggaamlike of geestesiekte
- Ouers se verslane houding (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

4.1.2

- Hulle het ’n gebrek aan rolmodelle of mense met wie hulle hul kan vereenselwig.
- Hulle is swak gemotiveer weens verkeerde pedagogiese verwysings.
- Hulle het ’n swak selfbeeld en selfvertroue.
- Hul interpersoonlike verhoudings is onstabiel.
- Hulle het perseptuele probleme weens die gebrek aan oefening om aandag te gee aan en te luister na dít wat relevant is.
- Hulle het swak morele en intellektuele vaardighede.

(Enige 3 × 2) (6)

4.1.3 **Sosiale ontwikkeling**

- Lae selfbegrip beïnvloed sosiale gedrag, bv. gebrek aan selfvertroue beïnvloed die vermoë om sosiale verhoudings te ontwikkel.
- Die kind kan aggressiewe gedrag toon weens 'n vyandige huisomgewing.

Emosionele ontwikkeling

- Die kind kan emosioneel verwaarloos wees omdat hy/sy nie geliefd is nie of deur ouers en belangrike volwassenes verwerp is.
- Die kind kan van 'n normale gesinslewe ontneem wees as hy/sy in residensiële sorg is.

Taalontwikkeling

- Die kind kan 'n beperkte vermoë hê om met betekenisvolle vrae te kommunikeer of aspekte waarin hy/sy belangstel, te bespreek.
- Die kind kan 'n beperkte woordeskat, swak woordvoeging en interpretasie- en kommunikasieprobleme hê en staatmaak op nieverbale kommunikasie.

Opvoedkundige en akademiese ontwikkeling

- Die kind is moontlik nie in staat om aan skoolvereistes te voldoen nie weens 'n gebrek aan ervaring en onvoldoende hulpbronne.
- Negatiewe houdings teenoor opvoeding verlaag die kanse om skoolgereed te wees wanneer die kind tot formele onderwys toetree.
- Ouers kan formele skool as onbelangrik beskou op grond van hul eie onsuksesvolle akademiese loopbane.
- Ouers uit omgewingsverwaarloosde agtergronde is moontlik self nie opgevoed nie, en kan dus nie hul kinders met skoolwerk help nie.
- Die kind het moontlik nie ontwikkelingsmylpale in die vroeë kinderjare bereik nie, en kan dus nie bybly met skoolaktiwiteite nie.

(Enige 2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 Vooroordeel verwys na ongegronde, foutiewe en gewoonlik negatiewe houdings teenoor 'n individu of groep alleenlik op grond van lidmaatskap van daardie sosiale groep.

OF

Vooroordeel verwys na 'n negatiewe houding wat gevorm is sonder voldoende rede en is gewoonlik gerig op mense op grond van hul lidmaatskap van 'n groep (ras, seksueel, geslag, kultureel, geloof).

4.2.2 Xenofobie verwys na die vrees vir en wantroue van dít wat vreemd is, veral van mense van ander lande of kulture.

OF

Xenofobie verwys na die irrasionele vrees of haat vir vreemdelinge, buitelanders of buitegroepe.

(2 × 2) (4)

4.3
- Hoofpyne (gewoonlik migraines)
- Maagkwale (bloeiende maagswere, spastiese kolon, swak eetlus, diarree, hardlywigheid, naarheid)
- Skete, pyne en stywe spiere
- Borspyn en vinnige hartklop
- Hartsiekte
- Uitputting
- Hoë bloeddruk
- Rumatoïede artritis, anemie en multipele sklerose
- Versteurde slaappatrone (insomnie of te veel slaap)
- Gereelde verkoues of infeksies
- Bewende hande
- Suisende ore
- Koue, sweterige hande en voete
- Droë mond en slukprobleme
- Stywe kaakspiere en kners op tande
- Velprobleme, bv. ekseem (Enige 5 × 2) (10)

4.4
- Suiker/Geraffineerde suiker/Energiedrankies
- Kunsmatige versoeters
- Koolhidrate
- Alkohol
- Kaffeïen
- Speseryagtige kos
- Geprosesseerde kos (Enige 3 × 1) (3)

4.5 4.5.1
- Laat kinders toe om van die direkte toesighouding van volwassenes te ontsnap
- Vorm ’n verwysingsgroep waarin adolessente hul gedrag kan assesseer, frustrasies kan uitdruk, probleme kan bespreek en doelwitte kan hersien
- Vorm ’n ondersteunings- en strukturele basis vir adolessente uit gebroke huise en enkelouer-gesinne
- Dra by tot identiteitsvorming in die vroeë fases van adolessensie wanneer tieners ’n gebrek aan onafhanklikheid, selfvertroue en ’n identiteitsin ervaar
- Beïnvloed die adolessent se intellektuele en persoonlike ontwikkeling
- Help in konflikoplossingsituasies
- Bied ’n gevoel van sekuriteit, aanvaarding en begrip
- Help adolessente om van emosionele spanning ontslae te raak
- Laat adolessente toe om te leer en met nuwe idees te eksperimenteer – ontwikkel doeltreffende sosiale funksionering
- Bied geleenthede vir kommunikasie met die teenoorgestelde geslag – vorm goeie vriendskappe
- Bevorder emansipasie van die gesinshuis
- Verskaf seksuele inligting aan adolessente
- Ontwikkel norme vir seksuele aktiwiteite (Enige 5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

4.5.2 **Positiewe invloed**

- Toon entoesiasme en neem inisiatief in alledaagse aktiwiteite
- Groter verdraagsaamheidsvlakke en toon simpatie teenoor portuurgroeplede
- Word meer buigsaam rakende ander se idees
- Toon selfvertroue
- Handhaaf 'n opgewekte en positiewe verhouding met ander weens gemeenskaplikhede
- Streef daarna om aantreklike liggaamlike voorkoms te handhaaf

Negatiewe invloed

- Groepsdruk kan daartoe lei dat adolessente met negatiewe aktiwiteite eksperimenteer, bv. alkohol, dwelms, bendes, diefstal, ens.
- Die adolessent kan stres ervaar as hy/sy nie deur die portuurgroep aanvaar word nie.
- Hy/Sy sal 'n lae selfagting hê weens 'n gebrek aan selfvertroue.
- Hy/Sy kan teruggetrokke van aard word, wat tot depressie kan lei. (Enige 5 × 1) (5)

4.6 4.6.1 'n Kerngesin bestaan uit 'n man, 'n vrou en hul ongetroude kinders wat almal as 'n eenheid saamwoon. (2)

4.6.2

- Hulle word selfonderhoudend deur werk.
- Die man of pa is tradisioneel die hoof van die huishouding en bring die grootste deel van sy dag by die werk deur.
- In moderne gesinne werk albei ouers en huishoudelike take word gedeel.
- Hulle het dikwels gesonde finansies aangesien albei ouers werk en hul inkomste kombineer.
- Hierdie gesinne kry min hulp van die gemeenskap as finansiële of gesondheidsprobleme ontstaan.
- Finansiële en emosionele stabiliteit kan tot voordeel van kinders in kerngesinne wees, wat akademiese prestasie en selfagtig bevorder.
- Veelvuldige interaksies vind plaas. (Enige 3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou